GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK VAN AUSTRALIE

BASIS VIR EKUMENIESE BANDE

Goedgekeur deur die Meerdere Vergadering van 20 Maart 2013

BASIS VIR EKUMENIESE BANDE

1. By die tot stand kom van Ekumeniese bande tussen die GEKA en ander Kerke erken Kerke mekaar as Gereformeerde Kerke. Dit word gedoen op grond daarvan dat die leer wat beide Kerke, in ooreenstemming met die Woord van God bely, in gemeenskap geskied met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in:

    a. die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerke hulle verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en

    b. die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerke hulle verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.

    Die Kerke aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en ’n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte. Die Kerke onderneem om mekaar hierin te ken.

    Die Kerke erken en respekteer mekaar se outonomiteit

2. Op grond van bogenoemde word ooreen gekom tot <u>volle ekumeniese bande</u> wat beteken:

    a. volle gemeenskap tov die sakramente en die amptelike bediening van die Woord vanaf mekaar se kansels;

    b. volle aanvaarding van mekaar se lidmate wat met bewys van lidmaatskap na ‘n betrokke kerk oorkom;

    c. wedersydse beroepbaarheid van predikante met inagneming van bepaalde vereistes wat ‘n betrokke Kerk mag hê tov bevestiging in die predikantsamp. Wanneer kerke in verskillende lande is onderneem Kerke om mekaar in kennis te stel wanneer ‘n bedienaar van die Woord met behoud van status/bevoegdheid emigreer;

    d. bywoning van en deelname aan mekaar se meerdere vergaderings met spreekstem;

    e. gereelde kommunikasie met mekaar tov verwikkelinge in die twee Kerke.

3. Die Kerke kan ooreen kom tot die volgende sake waar daar in vennootskap saamgewerk kan word:

    a. Verdere teologiese opleiding en toerusting;

b. Moontlike gesamentlike kerklike publikasies;

c. ‘n Verbintenis van beide kerke om mekaar by te staan tov missionêre kerkwees.

d. Ondersteuning op ekumeniese terrein.